Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# GALASIËRS - WERKLIK VRY

Deel 4 – Slaaf Teenoor Seun

**Galasiërs 5:1** Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees…

## Nuwe Identiteit

**Galasiërs 3:28-29** Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één. [29]En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God.

**Galasiërs 4:3-7** En so is dit ook met ons. Toe ons nog geestelik onmondig was, was
ons slawe van wettiese godsdienstige reëls. [4]Maar toe die tyd wat God daarvoor
bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van
sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe [5]om ons, wat aan die wet
onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word.
[6]En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in
ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader! [7]Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou
'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak.

## Seun teenoor Slaaf

- Die slaaf het 'n ____________________;
  die seun het 'n ____________________.

**Romeine 8:15-16** Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.

- Die slaaf is 'n ____________________;
  die seun is 'n ____________________.

**Romeine 8:17** En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus.

**Filippense 2:12-13** My geliefdes, julle was altyd gehoorsaam wanneer ek by julle was. Des te meer moet julle gehoorsaam wees nou dat ek nie daar is nie. Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.

- Die slaaf word gedryf deur ____________________;
  die seun is gemotiveerd deur ____________________.

**Lukas 10:39-42** Op hulle reis het Jesus in 'n dorp gekom waar 'n vrou, Marta, Hom as gas ontvang het. Sy het 'n suster gehad, Maria, wat aan die voete van die Here gaan sit en na sy woorde geluister het. Maar Marta was baie bedrywig om alles klaar te maak. Sy kom toe daar staan en sê: "Here, hinder dit U nie dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê sy moet my kom help!" Maar die Here antwoord haar: "Marta, Marta, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge, maar net een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies, en dit sal nie van haar weggeneem word nie."

**Jeremia 29:13** Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra.